

Sing vooraf: Psalm 116:4, 7 (p. 569)

- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.
- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:2, 3 (p. 494)

- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.

Gebed

Psalm 66:6 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Skriflesing: Haggai 2

Teks: Haggai 2:9

**Die toekomstige heerlijkheid van hierdie huis sal groter wees as die
vroeëre. (Haggai 2:9 AFR53)**

Kruisigingsvrydag is in 'n sekere sin 'n vervullingsdag.

- Ons kan sê dat die wankelbare dinge van hierdie wêreld op daardie dag verbygegaan het.
- Op daardie dag het ons Verlosser 'n baie vaste oorwinning behaal oor die dood en alles wat in lyn lê met vernietiging.
- Die kruisiging het die koninkryk van God vir ons 'n werklikheid gemaak.

In die gedeelte wat ons uit Haggai gelees het, sien ons 'n baie moedlose Israelitiese volk.

- Dan kom die Here na hulle toe en praat hulle weer moed in.
- Hulle moet die tempel herbou.
- Hierdie herboude tempel is vir hulle die simbool van die werklikheid van God se beloftes vir hulle toekoms.

Hulle verantwoordelikheid word nie deur hierdie belofte tot niet gemaak nie.

- Niks gaan uit die lug val nie.
- Die Here se opdrag is dat hulle hard moet werk en moed hou, want Hy is met hulle.

Hierdie woorde gryp terug na 'n belofte wat baie eeue oud was, want by Sinaï het die Here met hulle 'n verbond gesluit en gesê: "Julle is My volk en Ek is julle God."

- Daar het hulle ook 'n teken ontvang dat die Here onder hulle woon omdat hulle sy volk is.
- Die tabernakel van die Here is tussen hulle opgeslaan.
- Later, nadat hulle al in die beloofde land ingetrek het, was die tabernakel se tyd verby en het die tempel die simbool geword van God se teenwoordigheid.

Intussen het die volk se godsdienste ook versleg, en hulle het 'n simbool daarvan ontvang:

- Hulle tempel is verwoes en hulle is weggevoer na Babel.
- Die simbool van God se inwoning is vernietig.

Dis in hierdie toestand wat ons die volk aantref in hulle eertydse hoofstad.

- Hulle het met ontsetting uitgevind dat hulle in 'n wêreld leef waar niks vasstaan nie – alles beweeg.
- Van hulle eertydse hoofstad is niks oor nie.
- Koninkryke het intussen gekom en gegaan.

Maar dan die troos: Die Here is weer by hulle!

- Die bewys daarvan is dat die tempel herbou gaan word.
- Die tempel het egter die betekenis verloor wat hy vroeër gehad het.
- Nou het dit 'n profesie geword wat vervul sou word.

Die tempel word die teken van 'n nuwe koninkryk waar dinge nie weer so veranderlik en onstabiel gaan wees nie. In die verste verte dui dit op die koninkryk in die hiernamaals.

Daarom sê die Here in vers 5: **My Gees sal met julle bly, wees nie bevrees nie.**

- Die Here verseker daarmee sy persoonlike sorg oor sy mense – Hy sal hulle lei en regeer met sy Gees.
- Vir die klompie Jode wat daar tussen Jerusalem se murasies gesit het, het dit die belofte ingehou dat die Here met sy Gees aan hulle die krag en besieling sal gee om die tempel te herbou.

Die profesie loop op na 'n klimaks.

- Voordat hierdie nuwe koninkryk van God kom, gaan die Here eers die huidige hemel en aarde skud.
- Alles wat aards is, gaan geskud word totdat dit val.

Dan kom daar 'n nuwe skepping – 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

- Hierdie tempel wat hulle moet bou is die simbool van hierdie dinge.
- Soos wat die afgebreekte tempel nuut herbou word, so sal God ná die ou aarde 'n nuwe tot stand bring.

Ons weet dat hierdie herskepping sy waarborg het in die dood en in die opstanding van die Here Jesus Christus.

- Daarom het ons ook iets van die tekens gesien die dag van die kruisiging toe daar ook
 - 'n aardbewing was en die rotse geskeur het;
 - dooies opgestaan het uit die grafte; en
 - die son helder oordag sy vermoë verloor het om lig op die aarde te laat skyn.

In vers 22 gee die Here nog verdere toeligting op die gebeure wat die heilsryk van die Messias sal voorafgaan:

En Ek sal die koningstrone omverwerp, en die mag van die heidense koninkryke verdeelg. (Haggai 2:22a AFR53)

Die Here voorspel dus dat die wêreld onstabiel gaan raak – wat inderdaad ook die direkte gevolg van die kruiswerk van die Here Jesus is.

- Dit is waarom die een koninkryk na die ander opstaan en weer val.
- Die Here neem elke keer die troon van hulle af weg, want hulle is heidennasies wat in hulle magsvertoon nie teen God se regering kan standhou nie.

Dis wat hier voorspel word.

Kyk na die genade wat hierin geopenbaar word.

- Die ongelowiges sal nooit in der ewigheid 'n mag op die aarde kan vestig wat blywend sal wees nie.
- Die genade is juis dat Jesus gesterf en opgestaan het sodat die mag van die wêreld voortdurend sal verbrokkel totdat die koninkryk van God finaal kom en gevestig word met die wederkoms.
- Sy kruisiging was die begin van die versplintering van aardse mag omdat sy dood die beslissende oorwinning oor die duiwel en sy ryk was.

Die kruisiging van die Here Jesus was sodat Hy met sy dood die koms van 'n onwankelbare koninkryk kon waarborg –

- 'n koninkryk waar God Almagtig in ewige vrede heers;
- 'n koninkryk wat nooit sal wankel nie.

Ons is dikwels gespanne omdat alles in ons tyd so verkeerd loop.

- As ons oor die toekoms praat, doen ons dit dikwels met 'n donker gemoed.
- Ons sê ook dat alles vir ons so verkeerd lyk.

Maar dit moet juis so wees!

- Die feit dat die wêreld in hierdie toestand is, bewys dat die ingrype van God oor die wêreld in vervulling gaan.
- Daarmee sê God dat die oorwinning wat Jesus met sy kruisiging en opstanding behaal het, nou finaal oor die wêreld in vervulling gaan.
- Hy is besig om alle volke se trone weg te neem, want in die Koninkryk van God is daar net plek vir een troon: *Dis die troon van God wat nou besig is om hom te vestig volgens sy beloftes.*

Dis ook waarin die rykdom van die kruisiging lê.

- Die kruisiging was sodat die Here Jesus ons straf voor God gedra het, dat ons nie saam met die wêreld in sy wankelmoedigheid voor die toorn van God ineenstort nie.
- Maar dit was ook sodat ons deel kan wees van hulle wat in die nuwe tempel kan aanbid.

Haggai leer dat God onder sy volk kom woon.

- Dit klink dan onmoontlik, want ons is almal sterflik en sondig. Hoe kan God wat ewig lewe onder ons kom woon?
- Weereens deur die kruisiging, want deur die kruisiging het dit moontlik geword dat Jesus vir ons die dood oorwin het.
- Anders gestel: *Hy het aan ons die ewige lewe gegee sodat ons wel tot in ewigheid by God mag lewe as Hy by ons woon.*

Die kruisiging het die beloftes van God se inwoning onder ons verder waar gemaak omdat die Heilige Gees oor die kerk uitgestort is.

- So naby is God aan ons dat Hy ons met sy Gees regeer om in die ware geloof te volhard en ons uit te strek na die ewige lewe by Hom.

Kruisigingsvrydag is die dag van genade en versoening.

- Genade omdat God se verlossingsbeloftes toe 'n werklikheid geword het in die kruisdood van Jesus Christus.
- Met sy dood het Hy die toorn van God oor ons sondes gedra sodat ons nie in die oordeel vernietig sou word nie.
- Genade omdat sý dood óns van die dood verlos het.

Die betekenis van die kruisdood staan skerp as ons na Haggai se woorde luister:

Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, ...
(Haggai 2:9a AFR53)

- Nie net omdat die Here Jesus Christus daarin is nie,
- maar ook omdat die nuwe tempel en sy inwoners deur die bloed van die Here Jesus Christus herskep word tot volmaaktheid; en
- ook omdat die kerk op die aarde herskep word tot 'n tempel en 'n volk waar God woon en regeer.

Ons het deur die kruisdood 'n koninklike priesterdom geword wat die wederkoms van ons Verlosser inwag.

- Die tweede keer kom Hy nie weer om te sterf sodat ons kan lewe, soos die eerste keer nie.
- Die tweede keer kom Hy om te oordeel:
 - Om dié wat sy dood gelowig aanvaar het tot verlossing in sy onwankelbare koninkryk op te neem; en
 - om dié wat nie hulle verlossing deur sy dood en opstanding verwag het nie, te verdelg sodat hulle geen aandeel in sy ewige koninkryk sal hê nie.

Dit laat ons verstaan waarom die apostel Petrus ons nie net 'n koninklike priesterdom noem nie maar terselfdertyd ook 'n heilige volk (1 Petrus 2:9).

- Ons word dit alles omdat die Here vir ons gekruisig is en die skuldbrief van ons sondes aan sy kruis vasgeslaan was – so stel Paulus dit.
- Hy het gesterf sodat ons in heilige volmaaktheid kan lewe tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 9:1, 5 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 5 Maar bo wat wissel en vergaan, / bly ewig God se rykstroon staan.
Hy vel sy vonnis uit die wolke, / regverdig oordeel Hy die volke.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.